



Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto

## DIE DORDTSE LEERREËLS

### Hoofstuk 5: Die volharding van die Heiliges

#### Verwerping van die dwalings oor die leer van die volharding van die heiliges

**Teks 1.** Daarom verwerp die Sinode die dwaling van hulle wat leer: Die volharding van die ware gelowiges is nie 'n vrug van die uitverkiesing of 'n gawe van God wat deur die dood van Christus verwerf is nie. Dit is 'n voorwaarde (soos hulle sê) van die nuwe verbond wat die mens, voor sy finale uitverkiesing en regverdiging, deur sy vrye wil moet volbring.

Die Sinode leer: Die heilige Skrif getuig immers dat die volharding die vrug is van die uitverkiesing en dat dit deur die krag van die dood, die opstanding en die voorbidding van Christus aan die uitverkorenes gegee word: Die uitverkorenes het dit verkry en die ander is verhard (Romeine 11:7), ook Romeine 8:32-35: Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie? Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree. Wie sal ons skei van die liefde van Christus?

#### REJECTIO ERRORUM CIRCA DOCTRINAM DE PERSEVERANTIA SANCTORUM. - *Exposita*

*doctrina orthodoxa, Synodus rejicit errores eorum: - Qui docent, 'Perseverantiam vere fidelium non esse effectum electionis, aut donum Dei morte Christi partum, sed esse conditionem novi fœderis, ab homine ante sui electionem*

*ac justificationem' (ut ipsi loquuntur) 'peremptoriam, libera voluntate præstandam.' Nam sacra Scriptura testatur eam ex electione sequi, et vi mortis, resurrectionis et intercessionis Christi electis donari. Rom. xi. 7: Electio assecuta est, reliqui occalluerunt. Item, Rom. viii. 32: Qui proprio Filio non pepercit, sed pro omnibus nobis tradidit ipsum, quomodo non cum eo nobis omnia donabit? Quis intentabit crimina adversus electos Dei? Deus est qui justificat. Quis est qui condemnet? Christus in est qui mortuus est, imo qui etiam resurrexit, qui etiam sedet ad dexteram Dei, qui etiam intercedit pro nobis: Quis nos separabit a dilectione Christi?*

#### Verklarende kommentaar

Die Remonstrante het onder die vroeë invloed van die nuwe humanisme dieselfde dwaling van die eerste paar eeue herhaal; die mens is aandadig en uiteindelik meester van sy eie saligheid. Hulle het die gedagte verwerp dat die uitverkiesing en volharding van gelowiges aan God toegeskryf moet word. Hulle sou toegee dat die dood van Christus en die genade van God 'n noodsaaklike voorwaarde is om die regte toedrag van sake te skep. Die dood van Christus en God se genade was dan 'n aanbod wat in die lug gehang het tot die oomblik dat die mens daardie verbond realiseer deur in eie vrye wil te kies om hierdie aanbod op te neem. Hierdie leer het nie net die mens se vrye wil noodsaaklik gemaak nie, maar die mens eintlik in volle beheer van sy eie saligheid geplaas. God is in hierdie leer utranger tot die een wat met groot mag dood en sonde oorwin maar magteloos die aanbod bring en wag vir die mens om in eie vrye wil die aanbod te realiseer.

Daarteenoor leer die Sinode van Dordt dat volharding die vrug van God se inisiatief is,



dat God die mens red en in die geloof hou. Dit alles het God verwerklik deur Jesus se kruisdood en Sy opstanding uit die dood. Hy wat lewe doen ook voorbidding vir die gelowiges by die Vader. Dit is nie in eie krag of op grond van eie inisiatief of eie vrye wil dat ons gered word nie, dit is in Christus dat ons vir die ewige saligheid bestem is.

Ons lees in Romeine 9:7 “Ook nie omdat hulle Abraham se nageslag is, is hulle almal kinders nie; maar: in Isak sal jou nageslag genoem word.” Ismael was ook Abraham se kind en Ismael se kinders Abraham se nageslag. Tog het God nie op grond van Abraham se poging om God se belofte te bewaarheid, die nageslag van Ismael as die uitverkore volk bestempel nie. Dit was Isak, die seun van ‘n ou man verwek by ‘n vrou wat verby haar vrugbare tyd was, dat God Sy belofte gestand gedoen het. Dit is nie die mens se poging wat redding bring nie! God skenk genadiglik alles.

**Teks 2.** Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: God gee die gelowige wel genoeg krag om te volhard en is bereid om dit in hom te bewaar, mits die mens sy plig doen. Al is alles wat nodig is om in die geloof te volhard en wat God wil gebruik om die geloof te bewaar, ook in werking gestel, dan hang dit nog altyd van die oordeel van die menslike wil af of die mens sal volhard of nie sal volhard nie.

Die Sinode leer: Hierdie mening is duidelik 'n Pelagiaanse dwaling. Terwyl dit die mense vry wil maak, berooft hulle God van sy eer. Dit is ook in stryd met die deurlopende getuienis van die evangeliese leer wat die mens alle stof tot roem ontnem en die lof vir hierdie weldaad alleen aan die genade van God toeskryf.

Dit is verder ook in stryd met die uitspraak van die apostel: Dit is God wat ons ook sal bevestig tot die einde toe, om in die dag dat onse Here Jesus Christus onberispelik te wees (1 Korintiërs 1:8). *Qui docent, ' Deum quidem hominem fidelem sufficientibus ad perseverandum viribus instruere, ac paratum esse eas in ipso conservare si officium faciat: positis tamen illis omnibus, quæ ad perseverandum in fide necessaria sunt, quæque Deus ad conservandam fidem adhibere vult, pendere semper a "voluntatis arbitrio, ut perseveret, vel non perseveret.'* Haec enim sententia manifestum Pelagianismum continet; et homines, dum vult facere liberos, facit sacrilegos, contra perpetuum evangeliae doctrina; consensum, quas omnem gloriandi materiam homini adimit, et hujus beneficii laudem soli divinae gratia; transcribit; et contra Apostolum testantem: Deum esse qui confirmabit nos usque in finem inculpatos in die Domini nostri Jesu Christi. [1 Cor. i. 8.](#)

### **Verklarende kommentaar**

Die Remonstrante het ook ten opsigte van toewyding deur gelowiges nie gehuiwer om dit 'n spanpoging te maak nie. God skenk die krag, maar die mens moet sy kant bring. Weer eens het hulle God aan menslike wil en willekeur uitgelewer in hulle denke.

Niks minder nie as die eer van God is hier op die spel. Dit is die stem van Pelagius wat meer as 1000 jaar later weer duidelik in hierdie Remonstrante leer gehoor word. In 'n poging om die vrye wil van die mens te bevestig, is die dwaling daartoe genoep om God se eer in gedrang te bring. Die Evangelie leer baie duidelik dat die mens geen rede tot eer of roem het nie. Die mens bedink net wat kwaad is. God is genadig.

**Teks 3.** Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die ware gelowiges en wedergeborenes kan nie alleen heeltemal en onherroeplik uit die regverdigende geloof, die genade en saligheid uitval nie, maar val inderdaad ook dikwels daar uit en gaan vir ewig verlore.

Die Sinode leer: Hierdie opvatting maak juis die genade van die regverdiging en die wedergeboorte en die voortdurende bewaring deur Christus kragteloos. Dit is ook in stryd met die nadruklike woorde van die apostel Paulus: As Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was, veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn (Romeine 5:8,9), en van die apostel Johannes: Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore (1 Johannes 3:9). Net so is dit in teëspraak met die woorde van Jesus Christus: Ek gee my skape die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. My Vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal: en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie (Johannes 10:28,29). *Qui docent, 'Vere credentes et regenitos non tantum posse a fide justificante, item gratia, et salute totaliter et finaliter excidere, sed etiam reipsa non raro ex iis excidere, atque in æternum perire. 'Nam hæc opinio ipsam justificationis ac regenerationis gratiam, et perpetuam Christi custodiam irritam reddit, contra diserta Apostoli Pauli verba, Rom. v. 8, 9: Si Christus pro nobis mortuus est, quum adhuc essemus peccatores, multo igitur magis, jam justificati in sanguine ejus, servabimur per ipsum ab ira. Et contra Apostolum Johannem, 1 John iii. 9: Omnis qui natus est ex Deo, non dat operam peccato: quia semen ejus in eo manet, nec potest peccare, quia ex Deo genitus est. Nec non contra verba Jesu Christi, Johan. x. 28, 29: Ego vitam æternam do ovibus meis, et non peribunt in æternum, nec rapiet eas quisquam de manu mea; Pater meus, qui mihi eas dedit, major est omnibus, nec ullus potest eas rapere de manu Patris mei.*

### **Verklarende kommentaar**

Armenius se volgelinge het beweer dat ware gelowiges en wedergeborenes gereeld onherroeplik uit die regverdigende geloof verval. Hulle klem op die mens en sy

vrye wil maak in hulle denke God se genade en liefde ondergeskik aan die mens se willekeur.

Die Evangelie leer die teendeel. Jesus hou ons gedurig in genade vas te midde van die aanslae van hierdie wêreld. Romeine 5:8,9: *“maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn.”* God se sorg en hulp strek verder en wyer as wat ons ooit kan dink. In SY toorn het Hy Sy Seun gestuur. Ons lewe nou in die bedeling van genade. Ons is nou God se kinders. Juis daarom is Sy hulp en beskerming nou rondom ons in die oortreffende trap.

1 Johannes 3:9: *‘Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore.’* Die Remonstrante hou nie rekening met die nuwe werklikheid wat Jesus tot stand gebring het nie. Jesus het reeds in Sy gesprek met Nicodemus (Johannes 3) verwys na die wedergeboorte van die mens. Die wedergeboorte bring die nuwe mens na vore, God se kind. Johannes oordryf in sy brief die situasie om die boodskap tuis te bring dat gelowiges uit die wedergeboorte lewe.

Johannes 10:28 *“En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.”* Jesus self is die waarborg dat nie eens die Satan Sy uitverkorenes uit Sy hand sal kan ruk nie. God bewaar Sy kinders te midde van die erge aanvegtinge van die lewe. Dit alles onderstreep dat die eer vir ons redding en behoud, God toekom.